NUUSBRIEF Nr. 18 **Desember 2016**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

Ons verwelkom alle besoekers aan Stilbaai, en wens ons lede en besoekers 'n Genotvolle Feesseisoen en 'n Vreedsame 2017 toe.
Bestuur asseblief veilig tydens die feesseisoen.

BOEK BEKENDSTELLINGS

Deur twee bekende Afrikaanse skrywers.

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.
17h30 vir 18h00.

Bring 'n bottel en glase om skemerkelkies saam met ons te geniet.

WOENSDAG, 28 DESEMBER 2016

Marié Heese praat oor haar nuwe boek "Maestro" – 'n roman oor die vormingsjare van die 17de eeuse Italiaanse beeldhouer en argitek, Gianlorenzo Bernini.

U kan 'n getekende kopie van haar boek by die praatjie koop teen 'n spesiale kontant afslagprys vir U3A van R300.

DINSDAG, 3 JANUARIE 2017

Hermann Giliomee stels sy nuut uitgegewe "Historikus – 'n Outobiografie" bekend, en praat oor die skrywe van 'n outobiografie.

'n Getekende kopie an die boek sal verkoop word teen 'n spesiale kontant afslagprys vir U3A van R250.

Gaste en nie-lede is welkom om die praatjie by te woon, toegang is gratis, maar ons sal 'n 'hoed' rondstuur vir bydraes tot ons Jagersbosch Fonds.

LIDMAATSKAP

U3A Stilbaai kan net nie ophou groei nie! By ons November vergadering het 10 nuwe lede aangesluit, die totaal is nou 141. Lede word herinner om hul naamplaatjies na alle U3A Stilbaai funksies te dra. Dankie aan al ons lede vir jul ondersteuning en ook dat julle vriende en familie aanmoedig om aan te sluit.

DIT EN DAT …

Algemene Vergadering op 28 November.

David Carter het ons op 'n onvergeetlike reis geneem na Suid Amerika en die Antarktika. David en Sal het in Februarie en Maart hierdie plekke besoek, en het hul foto's en ondervinding met ons gedeel by ons maandelikse vergadering.

Jagersbosch Fonds.

In die vorige nuusbrief het ons genoem dat ons 'n nuwe data-projektor aangekoop het; maar, toe dit hier aankom vind ons dat dit nie voldoen het aan die adverteerde spesifikasies nie. Ons het dit teruggestuur en

het ‘n bekende fabrikaat aangekoop teen R6,750 – die masjien is betyds vir ons November vergadering afgelewer.

Dankie aan Marlene van der Merwe vir die bottel wyn vir ons November uitloting; die uitloting het R285 ingebring, daar was ook donasies van R200 op die dag. Dankie weereens aan Chris Pretorius vir nog ‘n R100 donasie; ‘n week na die vergadering het David en Sal Carter ons verras met ‘n R2,000 donasie – ons opregte dank aan hulle.

Vir ‘n volle lys van alle bydraes, besigtig die ‘Jagersbosch Fonds’ blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Donasies tot die Jagersbosch Fonds van enige lid of organisasie is welkom. Donasies kan by die maandelikse vergadering gemaak word, of kan in ons bankrekening inbetaal word: ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 9321782429; Kode: 632005, vul asseblief ‘Jagersbosch Fonds’ in as die verwysing; en epos ons by *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Kuns vir Beginners** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend, maar neem nou ‘n breuk tot die nuwe jaar. Danksy Cheryl se uitmuntende organisasie het die group die jaar se aktiwiteite afgesluit met ‘n stap en ontbyt by Botterkloof. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Toere van Stilbaai, Jongensfontein, Riethuiskraal en Melkhoutkraal word beplan, dié sal in herfs 2017 aangebied word wanneer die weer beter is. Getalle vir die toere is beperk – kontak asseblief Hella op *dockel@vodamail.co.za* om aan te dui of u belangstel. Datums en tye sal in Maart finaliseer word.
- **Italiaanse Kookkuns** : Reinette se drie kursusse was baie populêr. Sy sal aanhou met die kursusse, en Euchie Yazbek sal ons in Januarie 2017 wys hoe om moussaka voor te berei. Getalle word beperk tot 8 per kursus. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *info@u3astilbaai.org*.
- **Kuns waardering** : Bonnita Davidtsz offer hierdie kursus aan vroeg in 2017. Kontak haar asseblief op *wingover@myconnection.co.za*.
- **Voëlkyk vir beginners**: Hierdie populêre kursus word weer vroeg volgende jaar aangebied. Kontak asb vir Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com*; getalle word beperk en die kursus is gou vol.
- **“TED Talks”** : Die TED kursusse sal begin op 18 Januarie met die eerste van drie maandelikse praatjies in die sielkunde vakgebied. Kontak Stefan by *info@u3astilbaai.org* vir meer inligting.
  [**TED** is ‘n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as ‘n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp (“**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign”) vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van wetenskap tot sake aangeleenthede tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.]

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

KOMENDE PRAATJIES …

Ons werk aan ons maandelikse program vir 2017. ‘n Moontlike spreker vir Februarie moet nog sy beskikbaarheid bevestig; in Maart sal Max Döckel sy jaarlikse praatjie oor die begroting lewer. Ons Januarie nuusbrief sal meer inligting oor ons praatjies volgende jaar hê.

- 27 Jan 2017: Stefan Pretorius praat oor hy die Iranese opstand en burgeroorlog van 1979 oorleef het.

Ons program vir algemene en spesiale vergaderings is op die kennisgewingsborde by die Biblioteek, Spar en OK Grocers.

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG